

**Sondag 18 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 5:5-7**

**Fokusgedeelte: 1 Petrus 5:5-7**

# Gelowiges is nederige mense wat op God vertrou

Jy moet vir die wêreld wys wie jy is wat jy kan doen! Met trots en baie geraas moet jy vir die wêreld wys hoe belangrik jy is! So sê die wêreld. Wat sê Christus? Hy leer ons hier dat almal wat Hom volg, nederige mense is wat op God vertrou. Hy leer ons hier om nederigheid soos 'n voorskoot aan te sit en onself aan ander diensbaar te maak soos Hy 'n voorskoot aangesit het om sy dissipels se voete te was. Om nederig te wees, is om jouself vrywillig onder iemand anders se belange te skik en ander mense se belange eerste te stel.

Hoe kry ons dit reg? Ons vertrou op God om na ons belange om te sien. Ons hoef nie ons eie waarde of grootheid te bevorder of te beskerm nie! God sal dit doen. Hy sal die trots en eiewaan van die wêreld afbreek en ons op die regte tyd verhef – nou in hierdie lewe – en eendag met sy wederkoms wanneer Christus uit genade ons voor God waardig sal noem.

Die trotse mense vertrou ook op homself om te sorg, en vergaan onder die druk daar-van. Genadiglik kan ons al die sorge van ons lewe op God plaas – eenkeer en vir altyd! En God belowe dat Hy vir ons sal sorg! Ja, vir alles wat ons nodig mag hê. So buig ons nederig onder die kragtige, versorgende hand van God en vertrou rustig op Hom.

*Sing: Skrifberyming 17-1:1, 7*

*Ds. Piet Venter (Potchefstroom-Oos)*